# St. Teresa van Avila

## 15 Oktober

(1515-1582)



Hierdie Karmelitiese non was die groot hervormer van haar orde, sy was ’n baie praktiese mens en terselfdertyd iemand wat diep kontemplatief was, ’n mistikus en begaafde skrywer. Sy kon op intelligente wyse haar lewenslange bekering verwoord en op energieke wyse daarmee voortgaan. Mense het haar misverstaan en haar opregte pogings om van die klooster ’n plek te maak waar mense uitgedaag en toegerus kon word om ’n grensverskuiwende verhouding met God aan te gaan het dikwels op baie weerstand gestuit. Wanneer dit by hervorming kom het sy altyd met haarself begin. Haar geskrifte: “Die Weg van Volmaaktheid” en “Die Innerlike Kasteel,” het tallose mense deur die eeue heen gehelp in hul verhouding met God. In 1970 is sy tot Kerkleraar verklaar.

© Die Oratorium Uitgewery